



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOUD IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 21 FEBRUARIE 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en versoek rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 ELEKTRISITEIT: KOSTE VAN VOORSIENINGSTUDIE, MNR H BARNARD

Mnr H Barnard is deur die Raad aangestel om 'n Koste van Voorsieningstudie te doen om as basis te dien vir die vasstelling van elektrisiteitstariewe vir 2024/2025 finansiële jaar, sowel as die buitejare. Die uitvoer van 'n Koste van Voorsieningstudie is 'n nuwe vereiste deur NERSA wat deel moet vorm van die aansoek om verhoging van elektrisiteitstariewe wat jaarliks voorgelê moet word aan NERSA vir oorweging en goedkeuring.

Ingevolge die nuwe bepalings van NERSA moet munisipaliteite hul aansoeke vir die 2024/2025 finansiële jaar reeds teen 1 Maart 2024 indien.

Mnr H Barnard doen 'n volledige voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en die volgende, onder andere, word uitgelig:

- (1) Die huidige tariewe is nie 'n refleksie van die koste van elektrisiteitsvoorsiening nie;
- (2) Sekere kategorieë van verbruikers word nie korrek gehef nie;

3.1/...

- (3) Die insluiting van vaste komponente in die tariewe om die Munisipaliteit te beskerm teen die verlaging in verkope (kWh) en om volhoubaar te wees;
- (4) Die vasstelling van 'n kapasiteitsheffing om die maksimum aanvraag te help beheer;
- (5) Meer verbruikers op die tyd-van-verbruik (time-of-use) word voorgestel
- (6) Ondersteuning van SSEG en toekrag om grootmaat aankope en maksimum aanvraag te beheer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die proses wat gevolg is om die Koste van Voorsieningstudie uit te voer;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die uitkomst van die Koste van Voorsieningstudie, die voorgestelde wysigings aan die tariefstrukture en die impak daarvan op die onderskeie kategorieë van verbruikers;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die gefaseerde implementering van die voorgestelde tariefstrukture oor 'n periode van 3 jaar in beginsel ondersteun, onderhewig daaraan dat die gedetailleerde impak daarvan aan die Raad voorgelê word tydens die begrotingsproses;
- (d) Dat kennis geneem word van die wysigings aan die proses om aansoek by NERSA te doen vir tariefverhogings;
- (e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die voorgestelde wysigings van die tariefstrukture aan die Raad aanbeveel vir insluiting by die publieke deelnameproses as deel van die 2024/2025 voorgestelde tariewe en begroting;
- (f) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die voorlegging van die Koste van Voorsieningstudie aan NERSA teen 1 Maart 2024 ondersteun, tesame met die begrotingsvooruitskouings vir die volgende drie jaar soos vereis deur NERSA.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 24 JANUARIE 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Januarie 2024 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word,

4.2 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2024

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2024

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2/...

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;
- (b) Dat 'n verslag deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste aan die Portefeuljekomitee voorgelê word aangaande die uitdagings met watervoorsiening aan Chatsworth en moontlike oplossings.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2023/2024 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die SDBIP oorweeg en, indien nodig, gewysig moet word na goedkeuring van 'n aansuiweringsbegroting.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die SDBIP gewysig is ooreenkomstig die 2023/2024 Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting soos goedgekeur deur die Raad op 30 Januarie 2024 ten einde te verseker dat die Munisipaliteit se goedgekeurde begroting ooreenkomstig die SDBIP geïmplementeer word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2023/2024 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 KANSELLERING VAN WYKSKOMITEEVERGADERINGS VOOR DIE NASIONALE VERKIESING / BETALING VAN WYKSKOMITEELEDE GEDURENDE HIERDIE TYDPERK (3/4/4/1)

Die verslag het ten doel om, soos in die verlede, die kansellering van wykskomiteevergaderings voor die Nasionale en Provinsiale Verkiesings te oorweeg. Dit word aanbeveel dat wykskomiteelede vergoed word vir die gekanselleerde vergaderings, aangesien daar van hulle verwag word om die wyksraadslid en gemeenskap deurlopend met diensleweringsskewessies by te staan.

Besluit/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word dat die wykskomiteevergaderings vir Februarie gekanselleer is in oorleg met die Speaker en Munisipale Bestuurder, aangesien dit die verwagting is dat die nasionale verkiesingsdatum in Mei gaan wees;
- (b) Dat, indien die datum van die nasionale verkiesing in Augustus is, die kwartaallikse wykskomiteevergadering in April plaasvind en daarna vanaf einde Augustus soos geskeduleer volgens die 2024 vergaderingskedsule;
- (c) Dat goedkeuring verleen word om wykskomiteeledes te vergoed teen die normale sittingsfooi van R500/vergadering vir geskeduleerde wykskomiteevergaderings wat nie gaan plaasvind nie;
- (d) Dat die vergoeding van wykskomiteeledes vir hierdie tydperk goedgekeur word vir die volgende redes:
 - (i) Wykskomiteeledes moet beskikbaar wees om die wyskraadslid by te staan, soos wat die behoefte mag ontstaan;
 - (ii) Wykskomiteeledes moet beskikbaar wees wanneer lede van die gemeenskap diensleweringsskessies rapporteer;
 - (iii) Wykskomiteeledes kan dringende diensleweringsskessies deurgee aan die administrasie of direk met die betrokke direktorate skakel;
 - (iv) Om die kontinuiteit van die wykskomiteestruktuur na afloop van die nasionale verkiesing te verseker.

7.3 VOORGESTELDE AANKOOP VAN ERF 3986, RIVERLANDS (5/7/1/1)

Die Munisipaliteit het beslag gelê op Erf 3986, Riverlands deur middel van 'n kredietinvorderingsproses nadat die eienaar nooit besit van die erf geneem het nie. Die proses wat deurloop is, is soortgelyk aan die sg. 'swart kol' erwe in Chatsworth, waarvan die Munisipaliteit gedurende die vroeë 2000's by wyse van ediktale sitasie eienaarskap bekom het.

Erf 3986 (groot 1983 m²) word omring deur Erf 7841 wat as oop ruimte gesoneer is en aan die Munisipaliteit behoort. Dit sal nie sinvol wees vir enige ander potensiële koper om Erf 3986 te bekom nie, aangesien daar nie toegang tot die betrokke erf is nie. Dit word dus aanbeveel dat Erf 3986 deur die Munisipaliteit aangekoop word ten einde dit met Erf 7841 te konsolideer vir sinvolle herbeplanning van die groter area, potensieel vir behuising of vir gemeenskapsgebruik.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die situasie betreffende Erf 3986, Riverlands, en die veiling wat gaan plaasvind;
- (b) Dat die Munisipale Bestuurder (of sy genomineerde) met volmag bekleed word om 'n bedrag wat nie R55 000,00 sal oorskry nie, vir die eiendom aan te bied by die veiling, in 'n poging om eienaarskap te bekom en gevolglik verder te mag handel met die eiendom.

7.4 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)

Die Raad huur tans stoorruimte te Malmesbury van die Bester Familietrust vir die stoor van vullissakke en watermeters. Die Direktooraat Finansiële Dienste het aangetoon dat die stoorruimte vir 'n verdere termyn benodig word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Bester Familietrust aangegaan word vir 'n verdere termyn van 12 maande vir die huur van stoorruimte te Malmesbury, met ingang vanaf 1 April 2024;

7.4/...

- (b) Dat die huurgeld ten bedrae van R1 452.00, BTW ingesluit, per maand betaal word vanuit posnommer 9/241-369-3007 (aankoop van vullissakke);
- (c) Dat die verhoging in deposito van R132.00 (d.i. vanaf R1 320.00 tot R1 452.00) ook goedgekeur en betaal word vanuit gemelde posnommer.

7.5 HUUROORENKOMS: LITTLE DARLINGS CRÈCHE (17/9/2/R)

Die Little Darlings Crèche het in 2018 aansoek gedoen om Erf 4048, Darling vanaf die Raad te huur om hulle crèche na 'n meer permanente struktuur te verskuif. Tans word daar 35 kinders geakkommodeer en is daar ook begin met 'n Graad R-klas.

Little Darlings Crèche se droom is om 'n volwaardige Vroeë-Kinderontwikkelingsentrum op te rig, maar is daar nog nie genoegsame befondsing hiervoor beskikbaar nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat 'n een (1) jaar huurooreenkoms met Little Darlings Crèche m.i.v. 1 Maart 2024 aangegaan word vir die huur van erf 4048, Darling vir gebruik vir doeleindes van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;
- (b) Dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste 'n ondersoek doen na die werksaamhede van die Little Darlings Crèche;
- (c) Dat die huurgeld vasgestel word op R120.00 per jaar plus BTW;
- (d) Dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste 'n ondersoek doen na die aktiwiteite;
- (e) Dat indien Little Darlings Crèche homself as behore finansieel volhoubaar bewys, oorweging geskenk sal word aan die vervreemding van die betrokke erf aan genoemde instelling in die toekoms.

7.6 KANTOORAKKOMMODASIE: SINETHEMBA (12/1/3/1-1/1)

Die Raad verhuur op 'n jaarlikse grondslag 'n gedeelte van die gebou geleë op Erf 1217, Abbotsdale aan Sinethemba vir die aanbied van gemeenskapsgebaseerde gesondheidsdienste.

Sinethemba het versoek om die gebou vir 'n verdere termyn van een jaar te huur.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms gesluit word met Sinethemba vir die huur van 'n gedeelte van die gebou op Erf 1217, Abbotsdale vir een (1) jaar vir doeleindes van die lewering van gemeenskapsgebaseerde gesondheidsdienste;
- (b) Dat 'n huurtarief van R120.00 per jaar, plus BTW, goedgekeur word;
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2024.

7.8/...

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN MONTEERPLATE VAN X6 MENGERS BY DIE RIEBEEK VALLEI WWTW (8/1/B/2)

Die Riebeek Vallei WWTW bestaan uit verskeie biologiese behandelingsones en word mengers gebruik om die vloei tussen die onderskeie sones te verseker.

Tydens 'n roetine inspeksie is daar bevind dat die mengers nie egalig beweeg nie en is dit onmiddellik afgeskakel om enige verdere skade te beperk.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die ses mengers by die Riebeek Vallei WWTW, deur GW Trautmann ten bedrae van R43 429.80 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) indien die normale prosesse gevolg was, sou die mengers vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) voormelde sou lei tot 'n oneffektiewe behandelingsproses en nie-voldoening aan die wetlike standaarde nie en ook moontlike skade aan die meganiese toerusting;
 - (iii) die herstelwerk by die Riebeek Vallei WWTW is as 'n noodgeval gehanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R43 429.80 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN KOMPakteERVragmotor, CK 21988 (8/1/B/2)

Die kompakteerder op die vullisverwyderingsvragmotor, CK 21988 het onklaar geraak en die vragmotor is onmiddellik na Transtech geneem vir assessering, aangesien die vragmotor 'n essensiële diens lewer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die kompakteervragmotor, CK 21988 deur Transtech ten bedrae van R167 840.97 (BTW uitgesluit) goed te keur;

7.10/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) indien die normale prosesse gevolg was, sou die vragmotor vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) voormelde sou lei tot 'n onderbreking in die vullisverwyderingsdienste met gepaargaande gesondheidsrisiko's;
 - (iii) die herstelwerk aan die kompakteervragmotor is dus as 'n noodgeval gehanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R167 940.97 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-51-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: INSTALLERING VAN KABEL OP DIE VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 56748 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 65748 is in Februarie 2023 deur die Departement van Bosbou, Visserij en Omgewing aan die Munisipaliteit geskenk. Die vragmotor is toegerus met 'n kompakteerder, maar nie met die nodige kabelstelsel om wheelybins te hanteer nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die installering van die kabelstelsel op vullisverwyderingsvragmotor, CK 56748 deur 600CT Manufacturing ten bedrae van R275 765.00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses is dat 600CT Manufacturing die oorspronklike vervaardiger en diens- en ondersteuningsagent van die HYVA BU kompakteereenheid is;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R275 765.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/104-852-995 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsiening- kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 MAART 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

Nel, M (rdd)	Soldaka, P E
O'Kennedy, E C	Van Essen, T (rdh)
Penxa, B J	Vermeulen, G
Pypers, D C	Warnick, A K
Rangasamy, M A (rdh)	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: IKT, mnr J Pienaar
Komitee beampte, me S Willems

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl D C Pypers om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2024

BESLUIT

(voorgestel deur rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdd M Nel)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansieskomitee) gehou op 14 Februarie 2024 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

5.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2024

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

Rdl P E Soldaka doen navraag oor KPI (D 726) van die Munisipale Bestuurder wat verwys na suksesvolle appèlle teen die munisipaliteit, waar daar verwys word dat daar geen suksesvolle appèlle was nie.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik breedvoerig die KPI insake die aantal appèlle teen die munisipaliteit rakende die toekenning van tenders en dat daar geen suksesvolle appèlle was nie. Hierdie word as 'n baie goeie prestasie beskou.

Verder meld die Munisipale Bestuurder dat die KPI nie die aantal besware wat die munisipaliteit ontvang het meet nie, maar die aantal appèlle. Wat hier gemeet word, is of daar enige suksesvolle appèl teen die Munisipaliteit was. Dit is die rede waarom die aantal appèlle teen die munisipaliteit rakende die toekenning van tenders wat gehandhaaf was se teiken 0 is. Dis 'n goeie prestasie, aangesien die munisipaliteit geen appèlle ontvang het nie.

Rdl P E Soldaka versoek dat die prestasie opmerking aangepas word, aangesien die stelling verwarrend is.

Die Munisipale Bestuurder meld dat gedurende die finansiële jaar kan die KPI's nie gewysig word nie. Sommige KPI's is moontlik om te wysig in die half-jaarlikse aansuiweringskapitaal en -bedryfsbegroting en sommige van hulle kan slegs gewysig word wanneer die GOP en prestasie-indikators saamgestel word.

Rdh T van Essen verneem waarom daar slegs 25% van die kapitaalbegroting spandeer is.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die onderskeie Direkteure hul onderneming gegee het dat die teiken van die kapitaalbegroting spandering sal teen die einde van die finansiële jaar 95% wees.

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir Januarie 2024.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

7.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2024

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdd M Nel, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Januarie 2024.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

9.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2024

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir Januarie 2024.

10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL I S LE MINNIE
VOORSITTER



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE
PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13
MAART 2024 OM 10:25**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R J Jooste
Ondervoorsitter, rdh T van Essen

Bess, D G	Smit, N
Fortuin, C	Warnick, A K
Nel, M (rdd)	Williams, A M
O'Kennedy, E C	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: IKT, mnr J Pienaar
Komitee beampte, me S Willems

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M F Gaika, C Pieters en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2024

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 14 Februarie 2024 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 PROJEK INSAKE JD FENCING EN AMANDLA

Die voorsitter spreek sy ontevredenheid uit insake die projekte van JD Fencing en Amandla wat tans in Chatsworth geïmplementeer word. Onder andere, dat genoemde maatskappy slegs een persoon per dorp van Chatsworth, Riverlands en Silvertown aangestel het om die arbeid te verrig, maar dat die meerderheid werknemers vanaf Kaapstad aangestel is. Hy is ook ontevrede dat munisipale amptenare na bewering sy oproepe ignoreer het, toe hy klagtes aangemeld het.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat hy geleentheid gebied moet word om 'n ondersoek te gelas en om die nodige gesprekke te volvoer met die belanghebbendes, in oorleg met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste. Terugvoering sal aan Rdl Jooste gegee word.

KENNIS GENEEM

3.2 ESKOM KEY REVISION NUMBER (KRN) IMPLEMENTATION IN THE MALMESBURY CNC AREA

Die *KRN* van die *Token Identifier (TID) Rollover Program* is 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeting industrie onderneming om te verseker dat alle voorafbetaalde meters wat op 24 November 2024 na 'n nuwe Token Identifier Kode sal oorskakel, korrek herkodeer is.

Eskom Wes-Kaap Bedryfseenheid is op koers om te verseker dat al 402 117 geregistreerde voorafbetaalde kliënte suksesvol herkodeer is teen einde April 2024. Die *KRN*-ontplooiing word nou binne die stedelike groot kliëntebasisgebiede geïmplementeer.

Die implementering van die *KRN* in die Malmesbury area is suksesvol voltooi teen einde Desember 2023. Daar word tans aandag gegee aan die 152 uitstaande ongeregistreerde kliënte.

KENNIS GENEEM

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JANUARIE 2024

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee inligting deur insake die maandverslag en lig die onderstaande uit, naamlik:

- Die statistieke t.o.v. van die finale afvalwaterbehandeling by die onderskeie rioolsuiweringswerke vir Januarie 2024 word verduidelik.
- Die Voelvoddam se volume het tans 64% bereik, vergeleke met verlede jaar se 40%.
- Die Wes-Kaapse watervoorsieningstelsel is 70% vol, vergeleke met 56% vir dieselfde periode verlede jaar.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir Januarie 2024.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer en versoek die Senior Bestuurder: IKT, mnr J Pienaar om belangrike aspekte uit te wys.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Januarie 2024.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER**



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE
VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 MAART 2024 OM 10:46**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl G Vermeulen
Ondervoorsitter, rdl D G Bess

De Beer, J M
Le Minnie, I S
Ngozi, M

Pypers, D C
Rangasamy, M A (rdh)
Smit, N
Soldaka, P E

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: IKT, mnr J Pienaar
Komitee beampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl A M Booysen en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGSDIENSTE) GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2024

Sluiting van die ACVV

Die ACVV sukkel tans met hulle begroting om dienste in Moorreesburg te lewer. Die huuruitgawes is baie hoog en word daar gekyk na huurspasie in Moorreesburg wat meer bekostigbaar is. Die ACVV wag vir 'n besluit vanaf hoofkantoor of die dienste wat in Moorreesburg gelewer word, beëindig sal word.

SASSA dienspunt: Chatsworth

SASSA het bevestig dat die buitedorpe vir hulle 'n bekommernis is en steeds deel is van hul maandelikse besprekings oor hoe hulle na dienspunte in die buitedorpe kan kyk.

BESLUIT

(voorgestel deur rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 14 Februarie 2024 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2024

Die Voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, gee inligting deur insake die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte en die verskeie projekte wat in Swartland Munisipaliteit aangebied word deur Gemeenskapsontwikkeling.

Rdl M Ngozi verwys na die De Hoop Projek Fase 2 wat voorsiening maak vir 1013 behuisingsgeleenthede insluitend 'n kern van 31 gedeelde geleenthede. Hy verneem of die 31 begunstigdes deel is van die 1013 behuisingsgeleenthede.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat die 1013 behuisingsprojek in fases voorkom, so wanneer daar begin word met die geleenthede vir die 1013, word daar verwag, onderhewig aan die begroting van Provinsie dat die toekenning van geleenthede volgens datum van aansoek en al die ander kriteria gedoen sal word. Die 31 mense wat hervestig is, is om hulle toegang tot elektrisiteit te gee, aangesien hulle op daardie stadium in die pad was van die elektrisiteitsprojek in daardie area.

Rdl D C Pypers verneem of daar enige indikasie is wanneer Binnelandse Sake Moorreesburg gaan besoek en of Staatsdepartemente aansoek doen by die munisipaliteit om die sale te huur vir enige besoek in die gemeenskap.

Op navraag deur rdl J M de Beer waarom die Lynkamp behuisingsprojek in Kalbaskraal nie voorkom op die lys van die munisipaliteit se behuisingsprojekte nie, meld die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat die genoemde projek tans nie deel is van die munisipaliteit se behuisingspylpyn nie maar dat die toegang tot water- en toiletgeriewe tans deur die Bestuursplan ondersoek word.

Rdl P E Soldaka verneem oor die vordering van die Chatsworth gediensde erwe projek.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat, aangesien die erf aan *Housing Development Agency* (HDA) behoort, is dit moeilik om befondsing te bekom vir die genoemde projek. HDA is nie bereid om op hierdie stadium eienaarskap aan die munisipaliteit te gee nie en volg die munisipaliteit gereeld op met HDA.

Rdl M Ngozi versoek dat inligting oor die vordering van die kleinboere by die volgende maandverslag ingesluit word. Die Direkteur Ontwikkelings Dienste meld dat daar op 19 Februarie 2024 'n Distrikassessering vergadering met *Department Agriculture Land Reform and Rural Development* (DALRRD) bygewoon was en waar die Tygerfontein plaas projek aanbeveel is vir aankope. Daar word gewag op die finale aanbeveling van Nasionaal DALRRD.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Januarie 2024.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 14 Februarie 2024.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 MAART 2024 OM 11:20

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdd M Nel

Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Bess, D G

De Beer, J M

Fortuin, C

Jooste, R J

Le Minnie, I S

Papier, J R

Williams, A M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Senior Bestuurder: IKT, mnr J Pienaar

Komitee beampte, me S Willems

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Pieters en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2024

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 14 Februarie 2024 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende regstelling:

Die Direkteur: Beskermingsdienste meld dat 'n brief verlede jaar aan SAPS gerig was om die poskantoor te gebruik vir 'n *gemeenskapsfasiliteit*.

Rdl C Fortuin verwys na die brand in Sibanye Square wat plaasgevind het op 17 Desember 2023. Sy spreek haar ontevredenheid uit oor haar kommentaar nie genotuleer was by die vorige vergadering nie. Die Direkteur: Beskermingsdienste onderneem om terugvoer te gee oor die brand by item 5.1.3.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JANUARIE 2024

5.1.1 PRESTASIEVERSLAG

5.1.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

5.1.3 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel en gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om die belangrikste aspekte uit die maandverslag aan raadslede uit te wys.

Brand in Sibanye Square:

Die Direkteur: Beskermingsdienste meld dat hy in oorleg met die Brandweerdienste en Siviele Ingenieursdienste 'n deeglike ondersoek gedoen het na die insident waar die brand plaasgevind het in Sibanye Square op 17 Desember 2023. Na afloop van die ondersoek het die munisipaliteit 'n addisionele brandkraan geïnstalleer om die ou gedeelte van Sibanye Square te diens.

BESLUIT

(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie afdelings in die Direktoraat Beskermingsdienste, nl. Verkeer- en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Januarie 2024.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDD M NEL
VOORSITTER**



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Office of the Municipal Manager
2024-03-20

2/1/4/4/1
WARDS: All wards

ITEM 7.1 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING
WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ITEM 7.1 OF THE AGENDA OF AN EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE MEETING TO BE HELD
ON 20 MARCH 2024

ONDERWERP: WYSIGING VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE SUBJECT: AMENDMENT OF THE INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) AND AREA PLANS

1. BACKGROUND AND DISCUSSION

In terms of section 34(a) of the Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) a municipal council -

- (a) **must review** (an examination of something, with the intention of changing it if necessary) its IDP -
 - (i) annually in accordance with an assessment of its performance measurements in terms of section 41, and
 - (ii) to the extent that changing circumstances so demand.
- (b) **may amend** its IDP in accordance with a prescribed process.

In terms of section 16(2) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003) the mayor of the municipality must **table** the annual budget at a council meeting at least 90 days before the start of the budget year.

In terms of section 17(3) of the MFMA an annual budget, when **tabled** in terms of section 16(2), must be accompanied by (inter alia) the following documents:

- (d) any proposed amendments to the municipality's IDP following the annual review of the IDP in terms of section 34 of the Municipal Systems Act;

2. PROCESS FOR AMENDING IDP's

Regulation 3 of the Municipal Planning and Performance Management Regulations, 2001 prescribes the following process for amending IDP's:

- Only a member or committee of a municipal council may introduce a proposal for amending the IDP in the council.
- Any proposal for amending the IDP must be accompanied by a memorandum setting out the reasons for the proposal.
- An amendment to the IDP must be adopted by a decision taken by the council in accordance with the rules and orders of the council.
- No amendment to the IDP may be adopted by the municipal council unless -
 - o all the members of the council have been given reasonable notice;
 - o the proposed amendment has been published for public comment for a period of at least 21 days in a manner that allows the public an opportunity to make representations with regard to the proposed amendment;
 - o the municipality has consulted the district municipality on the proposed amendment and has taken all comments submitted to it by the district municipality into account before it takes a final decision on the proposed amendment.

1. DCOG MFMA CIRCULAR 88 INDICATORS

The initiative to develop a common set of indicators for local government builds on the joint work of the Department of Cooperative Governance (DCOG), National Treasury and the Department of Planning, Monitoring & Evaluation (DPME) to implement reporting reforms at municipal level. The initiative began by reviewing, rationalising and streamlining reporting arrangements in metropolitan municipalities as communicated in MFMA Circular No. 88 of 2017 and in the addendum in December 2019.

The revised KPI's and Targets for the 2021-2022 Fin Year includes indicators from Addendum 2 to MFMA Circular No. 88 issued on 17 December 2020.

In order to incrementally introduce the reform, these indicators are considered as the basis for a pilot in the 2021/22 municipal financial year. As the following extract from the circular explains:

*"... municipalities will not be required to incorporate the indicators in their existing performance indicator tables in the IDP and SDBIP. Instead, these indicators should find expression **in a dedicated Annexure to the IDP and SDBIP** which clearly indicates the MFMA Circular No. 88 indicators applicable to the municipality at Tier 1 and 2 levels of readiness.*

For this pilot process, the applicable indicators as included in the Annexures will be monitored and reported on, on a quarterly and annual basis, to the DCoG and the provincial departments of Cooperative Governance and Traditional Affairs (COGTAs). No reporting in the MSA section 46 statutory annual performance report (APR) will be required.

Municipalities will continue to plan and report on the KPIs adopted in the indicator tables of the IDP and SDBIP in the section 46 APR as required for 2024/25.

This "parallel" pilot process will allow and encourage municipalities to plan, implement and report on the MFMA Circular No. 88 indicators, without limiting their statutory performance planning and reporting in fear of audit findings before they have not adequately institutionalized the process. e.g. It will further avoid the situation where municipalities replace or remove existing indicators on a function (e.g. with regard to water) in the official IDP and SDBIP, and only include the related MFMA Circular No. 88 indicators with no performance reporting on the function in the statutory section 46 Annual Performance Report due to the pilot process."

The indicators are included as Annexure 1 to the IDP

2. CHANGES TO THE IDP ACCOMMODATED IN THIS AMENDMENT

This is an amendment of the IDP for Swartland. This amendment accommodates the following changes since May 2030:

- From the desk of the Municipal Manager are updated.
- In Chapter 1 the Swartland profile and the political structure are updated.
- In Chapter 1 the annual review process has been added.
- In Chapter 2 the municipal policy section as well as the Spatial Development Framework (maps updated) and the Safety plan is updated.
- In Chapter 3 the community needs, top 10 ward committee priorities and strategic workshop is updated.
- In Chapter 4 the context, strategic initiatives and targets, budgets linked to strategic goals is updated.
- In Chapter 4 major successes since the previous year has been added.
- In Chapter the following information is updated:
 - o The capital and operating budget figures
 - o The DORA and provincial allocations
 - o The provincial budget information obtained from the *Western Cape Government's Budget Estimates of Provincial Revenue and Expenditure 2024*.
- In Annexure 1 the date of Circular 88 is updated

3. AREA PLANS

This revision of the area plans accommodates the following changes since May 2023:

- Summary of Demographic data updated.
- Capital Budget for the area
- Ward committee information

- Ward needs

4. LEGISLATION

The following legislation is applicable:

- Municipal Systems Act, Nr 32 of 2000, Section 34
- Municipal Finance Management Act, Nr 56 of 2003, Sections 21, 24 and 53
- Municipal Planning and Performance Management Regulations, 2001

36. Municipality to give effect to integrated development plan

5. ALIGNMENT TO THE IDP

Not applicable

6. FINANCIAL IMPLICATION

None.

7. AANBEVELING / RECOMMENDATION

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die wysiging van die 2 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van artikel 17(3) van die MFMA;
 - (b) dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2024/2025 DCoG loodsprojek en dat daar kennis geneem word van die aangehegte indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
 - (c) dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP; en
 - (d) dat 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2024 gevolg word
- (a) *That the Executive Mayoral Committee take cognisance of the amendment of the Integrated Development Plan (IDP) as well as the revision of the area plans in order to table it at the Council meeting in terms of section 17(3) of the MFMA;*
 - (b) *that, although the Council has not approved MFMA Circular 88, Swartland Municipality will take part in the 2024/2025 DCoG pilot project and that the attached indicators that form part of the pilot project be noted;*
 - (c) *that the DCoG indicators not be incorporated in the existing performance indicator tables in the IDP, but included as an annexure to the IDP; and*
 - (d) *that a further consultation and refinement process be followed during April 2024.*

(get) J J Scholtz

MUNICIPAL MANAGER

DATUM: 20 Maart 2024

DATE: 20 March 2024



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Office of the Director: Electrical Engineering Services
01 March 2024

5/4/1/3; 5/4/B
All Wards

ITEM 7.3 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP: IMPLEMENTERING VAN NUWE ELEKTRISITEITSTARIEFSTRUKTUUR SUBJECT: IMPLEMENTATION OF NEW ELECTRICITY TARIFF STRUCTURE

1. BACKGROUND

The cost of supply study conducted by Mr Hendrik Barnard of Elexpert (Pty) Ltd was presented to the EMC on 22 February 2024.

A resolution from the meeting was that a detailed implementation plan needs to be presented to council for consideration prior to the public participation process or approval of the Draft budget. In order to implement the new proposed tariffs, council need to look at the implications and/or activities that are required and where possible the cost implications and time required to implement.

In short, the Tariff restructuring makes the following recommendations:

- (1) The Indigent Prepaid Tariff, Tariff 7, will see Block 1 and Block 2 effectively combining with the first 50 kWh now at the same rate as the previous Block 2 rate but the 50 kWh are still subsidised. The rest of the Block rates remains unchanged.
- (2) Tariff 1 and 12 the Non-Indigent residential tariffs are combined now with a Network or Basic Charge as well as a Capacity charge where the customer can select his/her Capacity requirement
- (3) The traditional Commercial Tariffs (Tariff 2) are restructured to have a monthly capacity charge per Amp per month, reduced Basic Charge that remains the same for all capacity ratings and reduced energy charges.
- (4) The traditional Bulk Tariff (Tariff 3 falls away and all customers on this tariff needs to move to Time of Use Tariff (or convert to the Commercial Tariff if the capacity rating is lower than 55 KVA).
- (5) The old Tariff 4 (Small Commercial Tariff <15 Amp) essentially remains the same with a slight reduction in energy rate.
- (6) The Alternative Household Tariff, Tariff 5 <20 Amp remains without a basic charge, but the energy rates increase slightly.
- (7) The Streetlight tariff, Tariff 6. sees a significant increase in energy rate (to ensure maintenance cost is recovered
- (8) Tariff 8: Commercial Prepaid tariffs falls away and customers need to convert to either tariff new Commercial Tariff or Time of use
- (9) Tariff 9, Sport Grounds sees a reduction in energy rate
- (10) Tariff 10 (Time of Use, TOU) sees the introduction of two TOU Tariffs, One for LV connected customers and one for MV connected customers.
- (11) SSEG (Net-metering Tariffs 11, 13, 14, 15 and 16) is proposed to become Time of Use based LV TOU (Small and Bulk) and MV TOU Tariffs each with a Basic Charge per month (depending on the size and network connected to) and TOU export energy rates at 80% of the Eskom Megaflex rates. These customers do however have to be on the relevant TOU Tariff for consumption.

- (12) The structure of the wheeling tariff remains unchanged with a reduction in Network charges for the Import part and a basic charge. The Credit to the Off taker remains at Eskom Mega Flex – Losses at 6.5%.
- (13) Availability charges remains at the same monthly rate.

Before an implementation plan can be considered the following practical and logistical issues need to be listed for consideration for each tariff:

- (1) Thorough public participation needs to be conducted to explain the proposed tariffs and assist with analysing and recommending appropriate Capacity levels for individual customers. This is going to be a time-consuming exercise
- (2) Letters needs to be sent to all customers to select a capacity level at which the meter needs to be set or the relevant circuit breaker needs to be replaced
- (3) The Financial system needs to be upgraded to facilitate the new tariffs and be able to flag and make automatic adjustments on a monthly basis to Capacity allocations upon exceedance and raising of the new charges
- (4) All Indigent customer meters (Prepaid meters) need to be visited and reprogrammed to ensure the capacity limit is set at 20 Amp.
- (5) An Engineering key change token needs to be issued for each of the meters (per meter) which could be a logistical nightmare
- (6) Capacity limits on meters and or circuit breakers might lead to overloading and additional call out of the electrical staff to reset the beaker.
- (7) Replacing of failed meters at night might not be replaced with the correct meter (capacity) due to non-availability of the specific capacity meter and/or the lack of the relevant engineering Key Change Token to make the necessary change.
- (8) All current Tariff 3 Bulk customer meters need to be replaced with electronic TOU meters
- (9) Net-metering customers to be converted to TOU tariffs with the subsequent replacement of the meter
- (10) The increase in TOU meters (Tariff 3 moving to TOU as well as SSEG and possibly some Tariff 2 c) (> 40 Amp) it is no longer viable to do the collection and recording on a manual basis by the electricity department.
 - a. Downloading via remote (Sim Modem) to be considered
 - b. Training of staff in finance becomes essential and even critical as these customers are contributing the most of our revenue
 - c. The availability and cost of TOU meters is a challenge
 - d. Training of electrical staff on new metering technology
 - e. Stock levels will have to increase
- (11) All new prepaid meters to be ordered with a capacity limit of 20 Amp but with an engineering token for a once off capacity limit to be set.
- (12) The availability of circuit breakers ranging in price from R180 to around R960 per circuit breaker.

The priority of implementation is based on the ease of implementation.

- (1) Streetlight tariff to be implemented immediately (system impact only)
- (2) Sports Ground Tariff to be implemented immediately
- (3) Indigent Tariff blocks (1st and 2nd) to be combined and Subsidy allocation be done on the new tariff rate (+/- 6500 meter). This will have a small impact on the equitable share allocation to electricity
 - a. The resetting of meters to happen during the course of business or to be scheduled at a rate of 300 meters per week (+/- 6 months)
- (4) Residential customers (Tariff 1 and 12) to be combined and customers to be requested to nominate their capacity rating.
 - a. Capacity selection to be loaded into the system

- b. Energy Rates to be changed
 - c. Capacity ratings to be programmed into prepaid meters (+/- 6000 meters) (+/- 6 months)
 - d. For conventional meters, Circuit breakers matching the capacity rating to be installed per installation involving a physical visit to the meter (+/- 6000 meters) same 6 months as in c).
- (5) Existing TOU Customers to be notified to select Capacity Rating
- a. Capacity rating to be loaded into the system
 - b. Meters to be reprogrammed and commissioned
- (6) All existing SSEG customers should be notified that they have to select their Capacity limit and choose one of the following options:
- a. Convert to TOU Tariff with the option of Exporting at TOU Tariffs (80% of Eskom Megaflex) which is the more profitable option
 - b. Convert to Time of Use Tariff without Exporting
- 2.1 Met hierdie as agtergrond is die behoefte geïdentifiseer dat 'n uitnodiging gerig word aan eienaars binne Swartland Munisipaliteit dat waar bouwerke van grond/geboue reeds plaasgevind het (sonder die nodige skriftelike goedkeuring), 'n amnestie tydperk toegestaan word om wel sodanige skriftelike goedkeuring/bouplan goedkeuring te bekom, sonder dat 'n daaglikse fooi van toepassing, gehef sal word.
- 2.2 M.a.w. Swartland eienaars van grond en geboue waar onwettige bouwerke (sonder die skriftelike goedkeuring) reeds plaasvind, word aangemoedig om die kans te benut om hul huis in orde te kry en daardeur die nodige bouplanne vir oorweging en goedkeuring binne 'n tydperk soos deur Swartland Munisipaliteit bepaal in te dien.
- 2.3 It is proposed that the amnesty period starts on 1 April 2024 and ends on 31 October 2024. Thereafter properties will be inspected to verify the on-site situation with the approved building plans on record at the municipality.
- 2.4 If illegal building work be picked up after the amnesty period at properties, the necessary process/procedures be followed together with all fees/additional fees applicable.
- 2.5 Hierdie is 'n opregte poging van Swartland Munisipaliteit aan eienaars om hul eiendomme in terme van die Nasionale Bouregulasies en Bou Standaard Wet 103 van 1977 in orde te kry, sonder die heffing van addisionele gelde.
- 2.6 Swartland Munisipaliteit sal 'n grootse poging aanwend om soveel moontlike eienaars deur verskeie media en digitale media in al 3 tale van die Wes-Kaap te bereik.
- 2.7 We dream of a Swartland 2040 that is valued for:
 - being safe, healthy and prosperous;
 - providing good governance, quality services and the ease of doing business with; and
 - leading in technological innovation and environmental responsibility.

3. **LINK TO IDP/KOPPELING MET GOP**

Strategic Goal 4 : A healthy and sustainable environment.

4. **AANBEVELING/RECOMMENDATION**

- (a) Dat 'n amnestie periode ten einde bouplanne vir oorweging en goedkeuring in te dien vanaf 1 April 2024 tot 31 Oktober 2024 toegestaan word.

That an amnesty period to submit building plans for consideration and approval be granted from 1 April 2024 to 31 October 2024.

- (b) Dat alle eienaars van grond en geboue waar bouwerke sonder die nodige goedkeuring plaasgevind het, aangemoedig word om sodanige bouplanne vir oorweging en goedkeuring in te dien.

That all owners of land and buildings where building work take place without the necessary approval, be encouraged to submit building plans for consideration and approval.

- (c) Dat geen addisionele fooie van toepassing sal wees, indien bouplanaansoek wel binne die amnestie periode ontvang word nie.

That no additional fees will be applicable if the building plan application be received within the amnesty period.

- (d) Dat die uitnodiging om bouplanne in te dien in al 3 tale van die Wes-Kaap en op verskillende platforms bekend gemaak sal word.

That the invitation to submit building plans be made available in all 3 languages of the Western Cape and on various platforms.

(get) J S Krieger

MUNISIPALE BESTUURDER

AMZ/ds



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Office of the Director: Corporate Services
6 March 2024

17/2/2

ITEM 7.10 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP:	SAMEWERKING TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN DIE GOEDGEDACHT TRUST EN IMPENDULO
SUBJECT:	COLLABORATION BETWEEN SWARTLAND MUNICIPALITY AND THE GOEDGEDACHT TRUST AND IMPENDULO

1. AGTERGROND/BACKGROUND

- 1.1 Representatives of The Goedgedacht Trust and *Impendulo* in Riebeek Kasteel met with the Municipal Manager and Director: Development Services during December 2023 to discuss the possibility of a Memorandum of Agreement to be concluded between the parties regarding the rollout of the Social Employment Fund (SEF) programme in Riebeek Kasteel, the latter being a programme initiated by the Presidency and administered by the Industrial Development Corporation (IDC). The Goedgedacht Trust has been selected as one of the lead partners in the SEF programme, responsible for the creation of 400 jobs in the Swartland.
- 1.2 Following a formal request received from the Managing Director of The Goedgedacht Trust on 11 January 2024, management instructed that site visits be held in collaboration with the applicants and the ward councillor, to determine the exact needs and the scope and feasibility of the requests made. The outcome of these site visits that took place on 12 February 2024 is attached hereto as **ANNEXURE A**.
- 1.3 Samevattend kom dit daarop neer dat die aansoekers toestemming verlang van die Munisipaliteit om
 - (1) twee vullisfuike in Esterhof te omhein en van 'n hek met slot te voorsien;
 - (2) bepaalde oop ruimtes, soos toegelig in Aanhangsel A, te mag gebruik vir groentetuine, en vir die Munisipaliteit om bystand te verleen deur 'n pomp te verskaf om water vanaf die dam van die Riebeek Kelders na sekere van die persele te herlei.
- 1.4 Die bestuurspan het hierdie aangeleentheid op 29 Februarie 2024 bespreek, en is van mening dat
 - (1) groentetuine op die betrokke skaal eenvoudig nie lewensvatbaar is nie;
 - (2) die afloopwater van die kelders nie geskik is vir die verbouing van groente nie;
 - (3) die omheining van die fuike nie werkbaar is nie, gegewe vandalisme voorsien word gedurende die tye wat die area nie beman sal word nie; enhet voorts kommer uitgespreek dat die groentetuin op Erf 2651 (publieke oop ruimte) in Rondebergstraat reeds (sonder skriftelike toestemming) in bedryf is, oënskynlik met water afkomstig vanuit 'n brandkraan in die omgewing.

Gevolgtrek word

AANBEVEEL

(a)/...

- (a) Dat kennis geneem word van die inisiatiewe van Die Goedgeacht Trust en *Impendulo* in Riebeek Kasteel onder die Sosiale Indiensnemingsfonds, asook hul behoeftes daaromtrent, te wete (1) beskikbaarstelling deur die Munisipaliteit van 'n pomp om water na die gemeenskapsgroentetuine te herlei, en (2) omheining van die vullisfuike in Esterhof;
- (b) Dat kennis geneem word van die uitkoms van die terreinbesoeke wat op 12 Februarie 2024 plaasgevind het, en waartydens dit aan die lig gekom het dat een van die openbare ruimtes (erf 2651) reeds as groentetuin bedryf word, sonder bewys van toestemming;
- (c) Dat daar vasgestel word op welke wyse water verskaf word aan erf 2651, Riebeek Kasteel;
- (d) Dat daar nie goedkeuring verleen word dat enige van die geïdentifiseerde persele vir groentetuine aan die instansies beskikbaar gestel word nie, weens die onvolhoubaarheid daarvan asook die presedent wat dit skep vir die res van die munisipale gebied; Verder, dat die wateraansluiting (indien onwettig) beëindig word en die gebruikers kennis gegee word om die eiendom te ontruim teen einde Junie 2024;
- (e) Dat die aansoekers ook meegedeel word dat die fuike nie omhein sal word nie, gegewe moontlike vandalisme gedurende tye wanneer dit onbeman gelaat word;
- (f) Dat daar wel waardering uitgespreek word vir die hulp van die instansies met die optel van rommel, verspreiding van vullissakke en bemanning van die fuike as bydraend tot die bekamping van onwettige vullisstorting;
- (g) Dat daar in hierdie stadium nie 'n samewerkingsooreenkoms gesluit sal word nie.

RECOMMENDED

- (a) That cognisance be taken of the initiatives of The Goedgeacht Trust and *Impendulo* in Riebeek Kasteel under the Social Employment Fund, as well as their needs pertaining thereto, i.e. (1) for the Municipality to avail a pump to relay water from the Darling Cellars to the community vegetable gardens, and (2) fencing of the skips in Esterhof;
- (b) That cognisance be taken of the outcome of the site visits that took place on 12 February 2024, and during which it came to light that one of the public open space (erf 2651) is already being operated as a vegetable garden, without proof of permission;
- (c) That it be determined in what manner water is being provided to erf 2651;
- (d) That approval not be granted for any of the identified premises to be made available to the institutions for vegetable gardens, given the unsustainability thereof as well as the precedent being set in respect of the rest of the municipal area; Further, that the water connection (if illegal) be terminated and the users be given notice to vacate the property by end June 2024;
- (e) That the applicants also be informed that the skips will not be fenced, given expected vandalism during times it is left unmanned;
- (f) That appreciation however be expressed for the collection of litter, distribution of refuse bags and manning of the skips as being contributory in combating illegal dumping;
- (g) That a cooperation agreement not be concluded at this stage.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems, SM5/Samewerkingsooreenkoms_SM_Goedgeacht Impendulo

ANNEXURE A

Site Visit: Riebeek-Kasteel

Date: 12 /02/2024

Time: 10h00

Attendees:

Swartland Municipality: Jo-Ann Krieger, Alwyn Zaayman, Hillary Balie, Lindani Gweba, Jonre Pieters

Goedgedacht: Deon Snyman, Lisa Clarke

Impendulo: Sonwabo Lumka, Lucky Maneli, Heine Amerika

Purpose of the meeting:

To do a site visit in Riebeek-Kasteel with Goedgedacht and Impendulo to have a clear insight in terms of the projects and sites Goedgedacht & Impendulo requested to use for their SEF projects (food gardens and recycling).

Actions:

1. Arrival at 10h00 (Riebeek-Kasteel Entrepreneurial Hub)

- A round of introductions was done to familiarize each other of designations.
- **A background of Goedgedacht and Impendulo (SEF programme) was done by Deon Snyman:**
 - The Social Employment Fund (SEF) is a programme initiated by the Presidency and administered by the Industrial Development Corporation (IDC).
 - Goedgedacht has been selected as one of the lead partners in the SEF programme. Goedgedacht is responsible for the creation of 400 jobs in the Swartland. Participants work 2 x days / week or 8 x days / month of which two of the 8 x days should focus on training. Participants are paid directly into their bank accounts a monthly salary of been ± R 1500 and R3 000. They are only allowed to be part of the programme for 1 x year with the hope that the opportunity will provide enough experience to qualify for a better job opportunity.
 - Impendulo is one of Goedgedacht's partners in Riebeek- Kasteel. Here Impendulo focus on food gardens in open spaces as well as the cleaning of the neighborhoods of Esterhof and New Rest Valley. Goedgedacht's SEF participants focuses on Early Childhood development at the Riebeek Kasteel POP Centre and the beautification of both Esterhof and New Rest Valley through the planting of trees as well as the establishment of food gardens.
 - Impendulo is experiencing serious challenges with illegal dumping (Impendulo SEF participants work hard in cleaning the neighbourhoods whereafter people continue dumping litter in the areas that have been cleaned (c.f. attached photos taken today).
 - The 2 x skips in Esterhof are not used optimally, partly because the skips are too high for people to easily put their litter into it.
 - As agreed at the meeting, the Impendulo SEF are willing to distribute blue refuse bags to the residents of both Esterhof and Riebeek Valley. They are also willing to collect the full bags from the residents and put it into the skips. In addition, Impendulo will appoint 2 x SEF participants at the 2 x skips for them to support people to put their rubbish into the skip. It will be appreciated if the municipality could fence the 2 x skips and put a gate with a lock at the skips. The key to the lock will be managed by the Impendulo SEF participant. The purpose of fencing the skips is to prevent animals to get in – it will also keep the skip area tidy.

- Regarding gardens in open spaces, Impendulo will start small with the establishment of community gardens in Aandblom Street, Esterhof and Rondeberg Street, Esterhof.
- Water for the gardens remain a challenge. Impendulo has received permission to use the water in the Riebeek Cellers dam. A pump to relay the water to the community gardens will be of great assistance.

2. Site visits commenced:

- First site: Tafelberg Street erf 2323¹: visible dumping on this site near a toilet (photos attached)
- Second Site: Food Garden in Rondeberg Street erf 2651²
A food garden was already established by Impendulo on erf 2651 which is divided into three open spaces. Ms. Krieger told mr. Lumko that permission was not given to erect the garden and she will take it to the Management meeting. According to Sonwabo Lumka, Gustav Solomons visited them last year and said he will take the item to the Executive Mayoral Council for approval.
- Third site: Perdeberg Street: Visible dumping on this erf (2408³). Lumka confirmed that farmers sponsored water tanks to them. Mr. Alwyn Zaayman explained to the group that the land must be left open, due to a road that will be constructed close to the railway. He also said that this piece of land will not be used within the next 10 years, therefore, Impendulo and Goedgedacht should make an application to the municipality to use the land.
- Fourth site: Nemesia and Aandblom Street (at the back close to the dam):

Mr Deon Snyman explained that Impendulo received permission to use the water in the Riebeek Cellars dam. The Small farmers was previously on this land but was removed. Impendulo is planning a food garden on this piece of land. Councillor Bess indicated that the ward committee is planning a splash pool on this site with a possible track for bicycles and a picnic spot. Lumko indicated that Impendulo wants to uplift the community by getting them involved in food gardens and recycling projects and made a plea to the municipality to assist them to get permission to use the land. There was a MOU between SM and Goedgedacht that highlighted similar operations when Jafta was still on the ward committee.

Decision taken:

- That mr. Deon Snyman follow up with Jafta with regards to the MOU and revert to Councillor Bess and Mrs J Krieger.

The following sites was not visited as previously indicated by Goedgedacht and Impendulo's correspondence:

- Basonia Street
- Heuning Crescent Street
- Lelie Street

¹ Correct erf number is Erf 2322, Public Open Space

² Public Open Space

³ Zone residential; Road to be established on Erf 2737

- Jasmyn Street
- Swartberg Crescent Street
- Tulp Street
- Viooltjie Street

All the above mentioned sites that was not visited was identified as possible project sites.

Everyone adjourned.



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
12 Maart 2024

12/2/2-2/1

ITEM 7.11 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP:	AANWENDING VAN VOORMALIGE KLINIEKGEBOU OP ERF 806, CHATSWORTH
SUBJECT:	UTILISATION OF FORMER CLINIC BUILDING ON ERF 806, CHATSWORTH

1. AGTERGROND

- 1.1 Erf 806 (496 m² groot), geleë te Huchisonlaan, Chatsworth, is gedurende 2002 deur die Munisipaliteit aan die Departement van Openbare Werke geskenk, om die gebou daarop vir kliniekdoeleindes aan te wend. 'n Beperkende titelvoorwaarde was egter in die betrokke titelakte opgeneem, uit hoofde waarvan die eiendom aan die Munisipaliteit sou terugval, teen geen kostes nie, indien dit in enige stadium nie meer as gesondheidskliniek benut word nie.
- 1.2 In 2016/2017 is 'n gedeelte van Erf 1071, Chatsworth, aan die Departement verkoop om 'n satellietkliniek te vestig, en is daar gevolglik gesteun op bg. terugvalklousule om Erf 806 weer aan die Munisipaliteit te laat oordra, welke oordrag gedurende 2023 gefinaliseer is.
- 1.3 Erf 806, behalwe vir die voormalige kliniekggebou daarop, huisves ook 'n *container* biblioteek. Die voorneme is om die openbare biblioteek uiteindelik uit te brei deur die voormalige kliniekggebou te omskep en te laat aansluit by die *container*. Hierdie behoefte is reeds by die Provinsiale Biblioteekdienste geregistreer, en het Brian Verwey van Provinsie ook reeds konsep planne aan die hand gedoen. Die aanduiding is egter dat befondsing vir hierdie projek nie in die nabye toekoms sal realiseer nie.
- 1.4 Ondertussen lê die voormalige kliniekggebou onbenut, en word dit toenemend gevandaliseer, ondanks die staalomheining. Aangeheg is foto's van die perseel, wat onder andere tydens 'n perseelinspeksie op 26 Februarie 2024 geneem is.
- 1.5 Omrede die Munisipaliteit nie tans oor die fondse beskik vir die opgradering van die eiendom nie, word aan die hand gedoen dat dit VOETSTOOTS aangebied word hetsy (1) aan SASSA om onder meer vir uitbetalings aangewend te word (gegewe hulle skynbaar tans hul opsies hieromtrent ondersoek), of (2) voorstelle ingewin word vir die bestuur en bedryf daarvan deur 'n nie-regeringsorganisasie of ander nie-winsgewende organisasie, in 'n poging om vandalisme te probeer bekamp.

2. WETGEWING

Die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates, PK 7394 van 2015, asook die beleid daarkragtens, magtig die munisipaliteit om – in ooreenstemming met sy operasionele behoeftes en strategiese doelwitte – onder andere –

- kapitale bates te verhuur op lang- of korttermyn by wyse van onderhandeling of openbare mededinging;

- onderhewig aan die bepalings van die MATR (Municipal Asset Transfer Regulations) gesubsidieerde verkooppryse of huurtariewe ten opsigte van kapitale bates te bepaal [Artikel 4(d) en (e) van verordening].

Die beleid self bepaal dat onroerende eiendom slegs teen markverwante pryse verhuur word, tensy die lot van die armes, die openbare belang asook die operasionele en strategiese doelwitte van die munisipaliteit anders bepaal. Meer spesifiek vind hierdie projek beslag in die strategiese doelwitte van die munisipaliteit, soos toegelig in paragraaf 3.

3. **KOPPELING AAN DIE GOP**

- 3.1 In 'n poging om die eiendom aan te bied vir dienslewering aan die plaaslike gemeenskap, vind hierdie projek aansluiting in die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan by Strategiese Doelwit 1, synde Gemeenskapsveiligheid en Welsyn.

4. **FINANSIËLE IMPLIKASIES**

- 4.1 Afhangende van die voorstelle ontvang, sal meer spesifieke aanbevelings in hierdie verband in 'n later stadium aan die komitee gemaak word.

5. **RECOMMENDED**

- That discussions be entered into with SASSA regarding the possible voetstoots use of the building (former clinic) on Erf 806 Chatsworth for their engagements with the public, provided that a formal agreement be entered into regarding the conditions of use;
- That should SASSA not be interested, proposals be invited from non-governmental institutions or other non-profitable organisations for the management and operation of the building, for a period not exceeding three years, provided that the building will be made available voetstoots without any improvements/repairs;
- That the outcome of the process be reported to the committee for a final decision in this regard.

AANBEVEEL


- Dat daar met SASSA in gesprek getree word rakende die moontlike voetstoots gebruik van die gebou (voormalige kliniek) op Erf 806 Chatsworth vir hul interaksies met die publiek, onderhewig daaraan dat 'n formele ooreenkoms gesluit sal word betreffende die voorwaardes van gebruik;
- Dat indien SASSA nie belangstel nie, voorstelle gevra word van nie-regeringsinstellings of ander nie-winsgewende organisasies vir die bestuur en bedryf van die gebou, vir 'n periode wat nie drie jaar sal oorskry nie, met dien verstande dat die gebou voetstoots, sonder opgradering/herstel beskikbaar gemaak sal word;
- Dat die uitkoms van die proses aan die komitee gerapporteer sal word vir finale besluitneming.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems, SM5/Maart 2024/Benutting van gebou op erf 806 Chatsworth







Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
11 Maart 2024

15/3/1

ITEM 7.12 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP:	OORSKRYDING OP STRAATRESERVE: LOEDOLFHUIS, ERF 10295, MALMESBURY
SUBJECT:	ENCROACHMENT ONTO STREET RESERVE: LOEDOLF HOUSE, ERF 10295 MALMESBURY

1. AGTERGROND/BACKGROUND

- 1.1 West Coast College appointed CSM Consulting Services to complete the conceptualization, design, tender documentation and council submission for the restoration of the collapsed Loedolf House heritage building on Erf 10295 at the corner of Loedolf and Kerk Street, Malmesbury. A report summarizing the current state and future intent for the restoration of this heritage graded building, considering its historical original typology and proposed use, was submitted to Heritage Western Cape and approved by the latter on 2 December 2021. Said report is available at the office of the Director: Corporate Services, should councillors wish to inspect same.
- 1.2 Based on the above, building plans were submitted to the Municipality, indicating that a portion of the stoep protrudes over the property boundary into the road reserve of Loedolf Street. To finalise the building plan approvals, proof is required by the Planning/Building Department that an encroachment agreement has been entered into with the Municipality.
- 1.3 Loedolf House had been constructed many years ago, when the extents of the road reserve might not have been as it is today. From historical photos, it is clear that the original front stoep of Loedolf House had a stoep wall and was originally covered. The intention of the current building plan submission is to re-instate the stoep to its original form.




Image 8: Street elevation prior to 2004 restoration.



Image 9: Loedolf House – c1916

- 1.4 The attached plan and image below indicates that the stoep extends over the Erf boundary by 0.705m maximum toward Loedolf Street for the total length of 19,305m. The existing stoep floor slab is still evident to this day and has never been demolished.



- 1.5 Given the historical background of the matter, and having regard that no services will be affected by the proposed encroachment as was confirmed by the Civil Engineering Services Directorate, it is recommended that an encroachment agreement be concluded in order to finalise the building plan and works.

2. WETGEWING

- 2.1 Ingevolge die Munisipaliteit se Beleid insake die oordrag van Munisipale Bates, 2015 mag die Munisipaliteit, onderhewig aan voorwaardes wat dit nodig ag, ingesluit die heffing van huur, die oprigting of behoud van 'n veranda, balkon of soortgelyke struktuur wat uitsteek, of oorskry in of oor enige openbare plek, openbare straat of padreserwe toelaat.
- 2.2 Dit word aan die hand gedoen dat daar met hierdie oorskryding gehandel word soortgelyk as wat daar met vorige gevalle gehandel is, waarvan die mees onlangse geval in Junie 2023 was ten opsigte van die brandstofdienststasie te Erf 154, Darling.

3. KOPPELING AAN DIE GOP

3.1 Hierdie kwessie sal kontraktueel gereël word.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES

4.1 Weens die geringe omvang van die oorskryding, word deur die waardasie-afdeling aan die hand gedoen dat 'n fooi van R500.00 per jaar, plus BTW, van die eienaars verhaal word, gekoppel aan jaarlikse eskalasie van 7%, en wel vir 'n periode van tien jaar, om na verloop van gemelde periode weer in oorweging geneem te word.

5. RECOMMENDED

- (a) That approval be granted that an encroachment agreement be concluded with West Coast College Malmesbury, owner of erf 10295 Malmesbury, for a period of ten years, at the amount of R500,00 plus VAT per annum to encroach on the Loedolf Street road reserve as depicted on the architectural drawings;
- (b) That the above amount is to escalate annually by 7%;
- (c) That the Director: Corporate Services be authorized to finalise the terms of the agreement, with the input of internal role-players.

AANBEVEEL

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n oorskrydingsooreenkoms gesluit word met West Coast College Malmesbury, eienaar van erf 10295 Malmesbury, vir 'n periode van tien jaar, ten bedrae van R500,00 plus BTW per jaar om op die Loedolfstraat-padreserwe te mag oorskry, soos aangetoon op die argitektoniese tekeninge;
- (b) Dat die bogemelde bedrag jaarliks met 7% sal eskaleer;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die terme van die ooreenkoms te bepaal, met die insette van interne rolspelers.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems, SM5/Maart 2024/Oorskryding Loedolf Huis Malmesbury



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
12 Maart 2024

12/2/R

ITEM 7.13 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP:	KALBASKRAAL: VERHURING VAN BESIGHEIDSPERSEEL VIR FIETSWINKEL/-WERKWINKEL
SUBJECT:	KALBASKRAAL: LEASE OF BUSINESS PREMISES FOR BICYCLE SHOP/WORKSHOP

1. AGTERGROND

- 1.1 Die aangehegte skrywe (**AANHANGSEL A**) gedateer 17 Januarie 2024 is op 22 Februarie 2024 deur die Munisipaliteit ontvang, en behels 'n aansoek van Mnr Harry De Koker om grond van die Munisipaliteit te bekom vir die vestiging en bedryf van 'n fietswinkel en – werkwinkel vanuit twee skeepsvraghouers in Kalbaskraal, soos volledig toegelig in sy skrywe.
- 1.2 Mnr de Koker was 'n begunstigde van die 2022/23 *SMME Booster Fund* van die Departement van Ekonomiese Sake en Toerisme (DEDAT), waardeur hy van die nodige gereedskap, opleiding en ander hulpbronne in besit gestel is. Met die hulp van die *Bicycling Empowerment Netwerk* [BEN] NPC, het hy as begunstigde onder die 2023/24 *SMME Booster Fund* onlangs twee skeepsvraghouers bekom, wat doeltreffend ontwerp is as 'n fietswinkel en werkwinkel.
- 1.3 Skrywes ter ondersteuning van Mnr de Koker se aansoek om grond te bekom en as sulks ekonomiese geleenthede te help ontsluit, is ontvang vanaf die BEN, asook DEDAT, welke skrywes onderskeidelik as **AANHANGSEL B** en **AANHANGSEL C** aangeheg word.
- 1.4 Die twee skeepsvraghouers is tans aangebring in die Transnet-lynkamp in Kalbaskraal waar Mnr de Koker woonagtig is. Foto's van die houe, onderskeidelik 11 meter en 6 meter lank, is geneem tydens 'n besoek aan Kalbaskraal op 26 Februarie 2024, en word hierby (as **AANHANGSEL D**) aangeheg ter inligting.
- 1.5 Die aangeleentheid is op bestuursvlak bespreek, en is daar besluit dat (ter ondersteuning van opkomende entrepreneurs) daar by die burgemeesterskomitee aanbeveel word dat 'n korttermyn huurooreenkoms met Mnr de Koker (of verkieslik die *Bicycle Empowerment Network*) gesluit word vir die gebruik van een van die drie besigheidspersele in Kalbaskraal, soos aangetoon op die liggingskaart gemerk **AANHANGSEL E**, soortgelyk aan die ooreenkoms wat met ander entrepreneurs, soos die RSEP-begunstigdes in Jakarandastraat, Malmesbury, gesluit is.
- 1.6 Die eiendomme beskikbaar is erwe 386 (457 m² groot), 387 (630 m² groot) en 388 (630 m² groot), en almal geleë in Bloekomstraat, Kalbaskraal, langs die kliniek op erf 389. Die persele is almal gesoneer Besigheidsone 1.
- 1.7 Ter ondersteuning van sy aansoek, het Mnr de Koker op 12 Maart 2024, met die hulp van die BEN, die aangehegte besigheidsplan (gemerk **AANHANGSEL F**) ingedien.

2. WETGEWING

Die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates, PK 7394 van 2015, asook die beleid daarkragtens, magtig die munisipaliteit om – in ooreenstemming met sy operasionele behoeftes en strategiese doelwitte – onder andere –

- kapitale bates te verhuur op lang- of korttermyn by wyse van onderhandeling of openbare mededinging;
- onderhewig aan die bepalings van die MATR (Municipal Asset Transfer Regulations) gesubsidieerde verkoopprijs of huurtariewe ten opsigte van kapitale bates te bepaal [Artikel 4(d) en (e) van verordening].

Die beleid self bepaal dat onroerende eiendom slegs teen markverwante prijs verhuur word, tensy die lot van die armes, die openbare belang asook die operasionele en strategiese doelwitte van die munisipaliteit anders bepaal. Meer spesifiek vind hierdie projek beslag in die strategiese doelwitte van die munisipaliteit, soos toegelig in paragraaf 3.

3. KOPPELING AAN DIE GOP

- 3.1 Hierdie projek vind aansluiting in die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan by Strategiese Doelwit 2, synde Ekonomiese Transformasie.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES

- 4.1 Dit word aan die hand gedoen dat 'n soortgelyke gesubsidieerde huurbedrag as wat in ander entrepreneursnodusse van klein besighede verhaal word, ook in hierdie geval van toepassing sal wees, synde R100.00 per maand, BTW uitgesluit.

5. RECOMMENDED

- (a) That approval be granted that one of the business sites in Bloekom Street, Kalbaskraal be made available to Mr de Koker from Kalbaskraal *Cycles* to establish his bicycle shop and workshop;
- (b) That 'n lease agreement be concluded with Mr de Koker (or the Bicycle Empowerment Network in the alternative) at payment of R100.00 per month, excluding VAT, for a period of three years;
- (c) That Mr de Koker shall be responsible for all costs related to preparation of the land, the relocation of the containers, as well as all services connections and deposits, and safeguarding of the site.

AANBEVEEL

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat een van die besigheidspersone in Bloekomstraat, Kalbaskraal aan Mnr de Koker van Kalbaskraal *Cycles* beskikbaar gestel word om sy fietswinkel en –werkwinkel te vestig;
- (b) Dat 'n huurooreenkoms met Mnr de Koker (of die *Bicycle Empowerment Network* in die alternatief) gesluit word teen betaling van R100.00 per maand, BTW uitgesluit, vir 'n periode van drie jaar;
- (c) Dat Mnr de Koker verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat verband hou met die voorbereiding van die terrein, die verskuiwing van die vraghouders, asook alle dienste-aansluitings en –deposito's, en die beveiliging van die terrein.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems, SM5/Maart 2024/Kalbaskraal_Grond vir fietswinkel_H de Koker

AANHANGSEL A

[illegible]

Mr Harry De Koker
34 Spoornet Camp
Kalbaskraal
7302

17 Januarie 2024

Swartland Municipality
1 Church Street
Malmesbury
7300

Onkrang op 22/02/2021

For attention: Ms Terblanche

KALBASKRAAL : APPLICATION FOR BUSINESS LAND TO START SMALL ENTREPRENEUR BICYCLE SHOP

I hope this letter finds you well. I am writing to formally request the allocation of land within the municipality for the establishment of a small bicycle repair workshop.

I am writing to express my eagerness to contribute to our community through the extensive knowledge and experience I have gained over 30 years in the bicycle industry. Having witnessed the positive impact that cycling can have on individuals and communities alike, I am enthusiastic about sharing my expertise to promote cycling initiatives in our locality. From designing efficient cycling infrastructure to organizing educational workshops on bike maintenance and safety, I am committed to fostering a more bike-friendly environment. I believe that by working collaboratively, we can enhance the overall well-being of our community, promote sustainable transportation, and create a healthier lifestyle for residents.

Due to above, **Bicycle Empowerment Network** (BEN) supported me and also buy two containers. The containers was bought from Willie Engelbrecht. These containers was designed for a bicycle shop. For more information, please contact Mr Jimmy James(082 536 07580 from BEN.

The proposed shop aims to serve as a platform to not only provide repair services for bicycles but also to create employment opportunities for unemployed youngsters within the community. My intention is to offer practical training and job opportunities, enabling these individuals to develop valuable skills and contribute positively to the local economy.



The initiative seeks to address two crucial aspects: promoting sustainable transportation by encouraging bicycle use and tackling unemployment among the youth. By creating this workshop, we aim to foster a sense of entrepreneurship and skill development among the younger generation. We are committed to maintaining a responsible and environmentally friendly business model that aligns with the municipality's goals of promoting sustainable practices.

I kindly request the allocation of a suitable piece of land within the municipality where we can establish this workshop. We assure you that we will comply with all necessary regulations and standards required for such an endeavor.

I am open to discussing this proposal further at your convenience and providing any additional information you may require. Your support in this endeavor will not only benefit the community but also contribute to the overall prosperity of our municipality.

Thank you for considering our request.

I look forward to your positive response.

Sincerely,

Mr Harry De Koker

0791957460

AANHANGSEL B

From: James Esterhuizen <james@benbikes.org.za>
Sent: Tuesday, 27 February 2024 15:45
To: Madelaine Terblanche
Cc: Odette Daries; harrydekoker28@gmail.com
Subject: Re: Business premises Kalbaskraal
Attachments: IMG-20240220-WA0011.jpg

Good day Miss Terblanche, I am Jimmyjames from Bicycling Empowerment Network [BEN] NPC, also copied in this email is milady Odette Daries who is from the Department of Economic Development and Tourism [DEDAT].

Herewith I am writing in support of Mr Harry De Koker who is a bicycling enthusiast based in Kalbaskraal. Harry manages his bicycling initiative under the name Kalbaskraal Cycles and is supported by BEN and was a beneficiary of the 2022/2023 Booster Fund, funded by DEDAT providing the business with much needed tools, training and access to resources. Kalbaskraal Cycles has been shortlisted as a beneficiary of the 2023/2024 Booster Fund in support of a prior request from Harry wishing to be relocated to what is understood to be business lots closer to the public.

Since August 2023 I have been in contact with a Mr Henry Haas believed to be a businessman in Kalbaskraal who offered to assist with land use application but had no success. Thereafter I made contact with Mr Gustav Solomons and met with him and the deputy mayor Miss Anet de Beer at the business lots site with the hope to receive some guidance as to the processes we could follow but this also led to nowhere. Contact was then made with Mr Melvin Harmse who offered and wrote a letter for Harry to present to the Kalbaskraal municipality which you have seen and have a copy of.

Myself Jimmyjames has seen the potential in Mr Harry de Koker as a bicycle mechanic working on high-end bicycles valued at over R100 000 and his vision to expand his operation and be closer to offer more to the Kalbaskraal community. With the Booster fund 2023/2024 we have managed to procure 1x 6m and 1x 14m containers which had to be delivered out of fear of losing out on a good deal, to Harry's residence. These containers were set up as a bike shop/workshop and procured from Mr Willie Engelbrecht a former SA pro cyclist who also offered further support in whichever way he can.

So with this I am requesting your support and/or assistance if possible for guidance on how or who or where we can reach out to for information to apply for land use of these business plots. I am attaching the layout of the erf numbers I received from Mr Melvin Harmse.

Thank you for taking time receiving and reading this email.
Jimmyjames



**Western Cape
Government**
FOR YOU

Department of Economic
Development and Tourism

Economic Development and Tourism

Joshua Wolmarans

Enterprise Development

Joshua.Wolmarans@westerncape.gov.za | Tel: 021 483 2628

Mr JJ Scholtz
Municipal Manager
Swartland Municipality
1 Church Street
Malmesbury
7300

Dear Mr Scholtz

LETTER OF SUPPORT: KALBASKRAAL CYCLES

This letter serves as support to Mr de Koker who owns Kalbaskraal Cycles in Malmesbury. Mr de Koker seeks approval for his land application that was submitted to the municipality on 29 February 2024.

The Department, through its SMME Booster Fund programme supports interventions implemented by organisations geared at supporting Small Medium and Micro Enterprises (SMMEs) based in the Western Cape. The Programme is supportive of growing and enhancing the sustainability of SMMEs that includes rural, urban, township-based, youth, people with disability and women-owned SMMEs.

The Bicycling Empowerment Network is one of eight beneficiaries in partnership with the Department of Economic Development and Tourism (DEDAT) supporting 15 SMMEs across the Western Cape with infrastructure upgrades to their business premises. Kalbaskraal Cycles is one of the businesses on the programme. A site visit was conducted by the project manager to the business premises on 21 February 2024. During the session, we were informed that he is in the process of applying for the piece of land in Kalbaskraal. The project manager contacted the municipality to follow up and was informed that the application is in process. The identified piece of land will provide Mr de Koker's business with improved access to business opportunities and markets that could contribute to increased turnover, job creation and local economic development. The Department hereby supports his application for land.

Should you have any enquiries, please do not hesitate to contact the project manager, Ms Odette Daries at (021) 483 9114 or via email at Odette.daries@westerncape.gov.za.

Yours sincerely


Joshua Wolmarans
Director: Enterprise Development

Date: 12/3/2024

www.westerncape.gov.za

Economic Development and Tourism | Enterprise Development





KALBASKRAAL CYCLES BUSINESS PLAN 2024

Executive Summary

Kalbaskraal Cycles, aims to establish a bicycle shop that offers a wide range of bicycles and accessories, along with repair services.

Market Analysis

The bicycle market has been growing steadily, driven by increasing health consciousness and environmental concerns. The local market shows promising potential with a growing cycling community.

Product and Services

Kalbaskraal Cycles will offer a variety of bicycles catering to different age groups and cycling preferences, from mountain bikes to road bikes and we are currently building E – BIKES which are highly sought after and very profitable. The shop will also provide repair and maintenance services for all types of bikes may it be entry level or high end.

Sales and Marketing

The marketing strategy involves a combination of online advertising, community engagement, and in-store promotions. The marketing budget is set at 10% of the revenue but not limited to set percentage. Due to the topography of our town, we would like to tap into sponsored races market which could generate extra revenue for the shop and for the community.

Financial Projections

Revenue is projected to grow from R200,000 in the first year to R500,000 in the fifth year, with a gross margin of 40%. The payback period is estimated to be four years.

Funding

The project will be funded through owner's equity and a small business loan, ensuring a balanced capital structure that minimizes financial risk.

Risk Mitigation

The business plan includes strategies to manage potential risks, including market risks, operational risks, and financial risks.

Conclusion

Kalbaskraal Cycles presents a compelling business opportunity with robust financial returns and a sustainable business model.

HARRY DE KOKER

0791957460

12 March 2024



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
23 Februarie 2024

12/2/5/5-9/2
WYK: n.v.t.

ITEM 7.14 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP:	VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOU-DOELEINDES
SUBJECT:	LEASING OF INDUSTRIAL LAND IN MOORREESBURG FOR CROP PRODUCTION

1. AGTERGROND

- 1.1 Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 24 Januarie 2024 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 Mei 2024. Gemelde gedeelte grond is die restantgedeelte wat gedurende 2014 weens die onderverdeling van erf 1133 om erf 5520 te skep, tot stand gekom het.
- 1.2 'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel, ten behoeve van 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.
- 1.3 Slegs een aanbod, synde dié van die Koringbedryfmuseum is ontvang. Die aangebode huurgeld beloop R1 000.00 per jaar, synde R100,00 meer as die huurgeld wat vir die periode 1 Mei 2023 tot 30 April 2024 betaalbaar was deur dieselfde instansie.

2. WETGEWING / KOPPELING AAN DIE GOP

- 2.1 Hierdie aspekte is reeds volledig mee gehandel in die verslag wat op 24 Januarie 2024 voor die burgemeesterskomitee gedien het.

3. FINANSIËLE EN ANDER IMPLIKASIES

- 3.1 Op grond van die tender sal die Raad 'n nominale inkomste van R1 000.00 per jaar uit die verhuring verdien. Die gemeenskapsvoordeel wat die projek inhou, is egter die grootste oorweging, aangesien die opbrengs uit die grond ten behoeve van 'n plaaslike weldaadsorganisasie (die museum) aangewend sal moet word.

4. AANBEVELING

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R1 000.00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum vir 'n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 Mei 2024 tot 30 April 2025;
- (b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

RECOMMENDATION/...

- (a) That approval be granted for the lease of a portion ($\pm$ 17.7 ha in extent) of erf 1133, Moorreesburg at the amount of R1 000.00 per annum, excluding VAT, to the Wheat Industry Museum for a period of one year, with effect from 1 May 2024 until 30 April 2025;
- (b) That the Director: Corporate Services be authorized to finalise the conditions of the lease agreement and to sign same.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems, SM5/Maart 2024/verhuring van grond in Moorreesburg vir akkerboudoeleindes



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste

5 Maart 2024

17/9/2/R

ITEM 7.15 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP:	HUUROOREENKOMS: MOORREESBURG POSDUIFKLUB
SUBJECT:	LEASE AGREEMENT: MOORREESBURG PIGEON CLUB

1. AGTERGROND/BACKGROUND

- 1.1 Die voormalige Moorreesburg Munisipaliteit het oor baie jare heen 'n gebou aan die Moorreesburg Posduifklub verhuur, wat deur lg. op eie koste aangebring was, welke verhuring egter gestaak moes word toe die grond waarop die klubhuis geleë was, aan Prospect Park CC vervreem is vir die ontwikkeling bekend as Paradyskloof.
- 1.2 Met die vervreemding van die grond is daar met die ontwikkelaars ooreengekom dat hulle elders, op erf 42 wat aan die Raad behoort en wat ook ander sportfasiliteite huisves, 'n gebou moes oprig om die posduifklub te hervestig. Hierdie gebou is egter later uit raadsfondse deur die Munisipaliteit opgerig en deur die Posduifklub betrek.
- 1.3 'n Huurooreenkoms vir drie jaar was met ingang vanaf 1 Junie 2017 met die posduifklub gesluit vir die gebruik van die fasiliteite teen R10,00, BTW uitgesluit, per jaar. 'n Onlangse audit het getoon dat hierdie ooreenkoms nie hernieu is na verstryking nie.
- 1.4 Daar word gevolglik aan die hand gedoen dat 'n nuwe huurooreenkoms met die klub gesluit word met ingang vanaf 1 April 2024, op dieselfde voorwaardes wat op die Malmesbury Posduifvereniging van toepassing is om uniforme behandeling van die twee klubs te bewerkstellig.

2. WETGEWING

Die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates, PK 7394 van 2015, asook die beleid daarkragtens, magtig die munisipaliteit om – in ooreenstemming met sy operasionele behoeftes en strategiese doelwitte – onder andere –

- kapitale bates te verhuur op lang- of korttermyn by wyse van onderhandeling of openbare mededinging;
- onderhewig aan die bepalings van die MATR (Municipal Asset Transfer Regulations) gesubsidieerde verkooppryse of huurtariewe ten opsigte van kapitale bates te bepaal [Artikel 4(d) en (e) van verordening].

Die beleid self bepaal dat onroerende eiendom slegs teen markverwante pryse verhuur word, tensy die lot van die armes, die openbare belang asook die operasionele en strategiese doelwitte van die munisipaliteit anders bepaal. Meer spesifiek vind hierdie projek beslag in die strategiese doelwitte van die munisipaliteit, soos toegelig in paragraaf 3.

3. KOPPELING AAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

Hierdie projek vind in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2023 aansluiting by Strategiese Doelwit 1, wat met Gemeenskapswelsyn handel.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen uitgawes vir die munisipaliteit. Nominale huurgeld van R120,00 per jaar (plus BTW), word gevorder.

5. AANBEVELING

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met die Moorreesburg Posduifklub aangegaan word vir 'n periode van drie jaar met ingang vanaf 1 April 2024 ten opsigte van die duiweklubfasiliteite geleë op Erf 42, Moorreesburg;
- (b) Dat die huurbedrag vasgestel word op R120,00 per jaar, BTW uitgesluit;
- (c) Dat die voorwaardes van verhuur wat op die Malmesbury Posduifvereniging van toepassing is, ook vir die Moorreesburg Posduifklub sal geld, ingesluit 'n opsie om te hernieu vir 'n verdere drie jaar periode met verstryking van die ooreenkoms op 31 Maart 2027.

5. RECOMMENDATION

- (a) That approval be granted for a lease agreement to be entered into with the Moorreesburg Pigeon Club for a period of three years with effect from 1 April 2024 in respect of the pigeon club facilities located on Erf 42, Moorreesburg;
- (b) That the lease amount be determined at R120.00 per annum, excluding VAT;
- (c) That the conditions of lease that apply to the Malmesbury Pigeon Association, also be applied to the Moorreesburg Pigeon Club, including an option to renew for a further three year period upon termination of the agreement on 31 March 2027.

MUNISIPALE BESTUURDER



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste

15 Maart 2024

17/9/2/R

ITEM 7.16 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 20 MAART 2024

ONDERWERP: SUBJECT:	HUUROOREENKOMS: VUYOLWETHU CRÈCHE MOORREESBURG LEASE AGREEMENT: VUYOLWETHU CRÈCHE MOORREESBURG
--------------------------------------	---

1. AGTERGROND/BACKGROUND

- 1.1 Vuyolwethu Crèche Moorreesburg has been leasing erf 4175, Moorreesburg since 1 March 2018 for the purpose of operating an Early Childhood Development Centre.
- 1.2 The current three year lease effective 1 March 2021, has expired and the crèche has applied for the lease to be renewed for a further three years.
- 1.3 The Community Development Division has conducted an onsite inspection, and submitted a report as per **ANNEXURE A**.

2. WETGEWING

Die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates, PK 7394 van 2015, asook die beleid daarkragtens, magtig die munisipaliteit om – in ooreenstemming met sy operasionele behoeftes en strategiese doelwitte – onder andere –

- kapitale bates te verhuur op lang- of korttermyn by wyse van onderhandeling of openbare mededinging;
- onderhewig aan die bepalings van die MATR (Municipal Asset Transfer Regulations) gesubsidieerde verkooppryse of huurtariewe ten opsigte van kapitale bates te bepaal [Artikel 4(d) en (e) van verordening].

Die beleid self bepaal dat onroerende eiendom slegs teen markverwante pryse verhuur word, tensy die lot van die armes, die openbare belang asook die operasionele en strategiese doelwitte van die munisipaliteit anders bepaal. Meer spesifiek vind hierdie projek beslag in die strategiese doelwitte van die munisipaliteit, soos toegelig in paragraaf 3.

3. KOPPELING AAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

Hierdie projek vind in die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan direk aansluiting by Strategiese Doelwit 1, synde Gemeenskapsveiligheid en Welsyn.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIE

Daar is geen finansiële uitgawes vir die munisipaliteit verbonde aan die verhuring van die fasiliteite nie.

5. AANBEVELING

- 5.1 Dat 'n drie (3) jaar huurooreenkoms met Vuyolwethu Crèche Moorreesburg, m.i.v. 1 Maart 2024 aangegaan word vir die huur van erf 4175, Moorreesburg vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;
- 5.2 Dat die huurgeld vasgestel word op R120.00 per jaar, plus BTW.

5. RECOMMENDATION

- 5.1 That a three (3) year lease agreement be entered into with Vuyolwethu Crèche Moorreesburg with effect from 1 March 2024 for the lease of erf 4175, Moorreesburg, for the operating of an Early Childhood Development Centre;
- 5.2 That the rental amount be determined at R120.00 per annum, plus VAT.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER



CLEAN AUDITS SINCE 2010/11
SKOON OUDITS SEDERT 2010/11



Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!
We shape a better future!
Sakha ikusasa elingcono!

Feedback Report: Vuyolwethu Educare Centre, Moorreesburg

On Wednesday, 13 March 2024, the Community Development Official did an onsite visit (inspection) at Vuyolwethu Educare Centre situated at 4175 Omega Street, Moorreesburg. The aim of the onsite visit was to verify whether the current agreement, be considered for review and the possibility of extending the Lease Agreement.

I am able to verify the following that are in place:

- A NUTEC ECD facility was erected by 'n partnership with Centre for Early Childhood Development and AFRISAM,
